VRYPOS

Weeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**

Jaar 13 - Uitgawe 13
Kontak ons:
kerkinfo@ngkvs.co.za
www.ngkerkvrystaat.co.za

8 Mei 2015

MOEDERSDAG 2015

Sondag is Moedersdag – mag elke vrou wat die voorreg smaak om 'n moeder, mamma, of ouma te kan wees, hierdie bederfdag geniet! As die spesiale dames hierdie uitgawe klaar gelees het, wag daar vir julle 'n bederfie aan die einde…

1. DIE VRYSTAATSE KERK VIER FEES MET 'N JUBELJAAR!: Alle belangstellendes word weer aan hierdie geleentheid wat die **naweek van 15 – 17 Mei 2015 plaasvind**, herinner. Vir die **volledige program van die feesnaweek**, klik **hier**. **Let asseblief daarop dat diegene wat die geleenthede in Thaba Nchu, sowel as Winburg wil bywoon, asseblief die betrokke persone soos op die program aangedui, nie later as Maandag 11 Mei 2015 van jul teenwoordigheid sal verwittig – dit is ter wille van logistieke reëlings en voorbereiding van etes (onthou om kaartjies te koop)!** 'n Spesiale feeskalender, feesbundel en plakkers is vir die Jubeljaar ontwikkel en kan by die Sinodale Kantoor bestel word. Vir enige navrae, kontak ds Barnard Steyn by 051 406 727/732 (k), of stuur 'n e-pos aan **bicsteyn@ngkvs.co.za** / **gemeentes@ngkvs.co.za**

2. 'N JUBELFEES VAN DIE VROUELIDMATE - DIE NG KERK VRYSTAAT: Dié geleentheid vind eerskomende **Saterdag 9 Mei 2015 vanaf 08:30** by die **NG Gemeente Pellissier plaas**. Klik **hier** vir die volledige program. Die Sinodale Kommissie vir Vrouelidmate het ook nou 'n *Facebook*-blad, soek daarop na **Vrouelidmate – Vrystaat**, gaan Like die blad asseblief en bly ook só op hoogte van alles waarmee hulle besig is!

3. GEMEENTES BIED AAN:

NG HEUWELSIG SE BLOU HEUWEL MARK:

NG GARDENIAPARK HOU 'N PLAAS BASAAR: Almal word genooi om op **Saterdag 30 Mei 2015 vanaf 09:00**, saam in hulle **"skuur"** by Jasmynlaan 3, Gardeniapark, te kom kuier. Van **rou vleis tot koeksisters,** gaan te koop wees. Snuffel by die **Wit-olifanttafel** en skop jou skoene uit by die kombuistafel met 'n lekker koppie **boeretroos.** Daar is 'n **koektafel** vir die grootmense en 'n **lekkergoedtafel** vir die kleinspan. **Kerrie en rys, pannekoek en regte-egte basaarpoeding** is 'n moet! Geen plaas kan sonder sy **antieke trekkers en motors** wees nie – kom kyk gerus. Toets jou skietvernuf met **"paintball"** en geniet die **boeresport**, daar is pryse op die spel. Heelwat **uitstallers** gaan hul ware vertoon, kom geniet sommer die wonderlike geselskap daarmee saam. Daar vind by hierdie basaar ook 'n **wildsveiling** plaas. Kom gerus, bring die hele gesin en kuier lekker saam met dié gemeente. Vir enige navrae kontak asseblief die kerkkantoor by 051 522 0392.

4. BRUGBEDIENINGSKURSUS: Die Sentrum vir Kontekstuele Bediening bied hierdie jaar die volledige Brugbedieningskursus in twee blokke in Bloemfontein aan:

Datum - Week 1:	17 tot 19 Augustus 2015
Datum - Week 2:	9 tot 13 November 2015
Plek:	NG Kerk Vrystaat Sinodale Sentrum (Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bloemfontein)
Aanbieders:	Malan Nel, Howard du Toit, Johan van Loggerenberg en Kobus Schoeman
Koste:	R 3 000pp (sluit kursusmateriaal en ligte middagete's in)
Verblyf:	Gratis verblyf kan op vroegtydige versoek gereël word
Sluitingsdatum:	Vrydag 31 Julie 2015
Betaling:	NG Kerk OVS, ABSA Tjek 470 000 406, **NB!** Verwysing: Brug+Voorletters&Van

NB! Faks asseblief bewys van betaling aan 086 502 0818

Kontakbesonderhede: Belangstellendes kan vir Joanie by 051 406 6732 (k), of per E-pos kontak by gemeentes@ngkvs.co.za – klik hier vir meer inligting oor Brugbediening.

5. 'N LIEFDADIGHEIDSGELEENTHEID TEN BATE VAN ENGO:

6. VBO INLIGTING: Vir leraars wat hulself weer rakende die algemene inligting, asook van hul Voetspoor-inligting wil vergewis, klik asseblief op die onderskeie skakels.

7. AKTUEEL:

SINODE WES- EN SUID-KAAP HOU SINODE: Al die gemeentes van die Wes-en-Suid-Kaap Sinode is hierdie week by Goudini byeen as 'n vergadering van gemeentes - 'n sinode. Daar heers 'n atmosfeer van opwinding en afwagting onder die net meer as 700 mense wat hier byeen is. Dit is inderdaad 'n voorreg om in so 'n pragtige omgewing bymekaar te kom. Hul verwagting is om 'n ontmoeting met God, **op Wie ons geloof en hoop gerig is (1 Pet 1:21)**, te hê. Vanjaar word ook vir die eerste keer van 'n elektroniese stemproses in hul sinode gebruik gemaak. Die nuwe Moderatuur sien as volg daar uit:

MODERATOR: **Ds Nelis Janse van Rensburg** van die NG Gemeente Welgemoed is as moderator aangewys. Hiermee word interessante geskiedenis gemaak, aangesien Nelis sover bekend die enigste persoon in die kerk is wat ook voorheen die voorsitter van 'n ander sinode was.

ASSESSOR: **Dr Frederick Marais** (PSD: Gemeentebegeleiding op Stellenbosch) is in hierdie amp verkies.

AKTUARIS: Dr Quintus Heine is as aktuaris herkies.

SKRIBA: Dr Elsje Buchner van die NG Gemeente La Rochelle, Bellville is as skriba verkies.

ADDISIONELE LEDE: Dr Elize Morkel (ouderling van NG Helderberg, Somerset-Wes) en ds Charl Stander (predikant van NG Parke, Kraaifontein).

Vanuit die Vrystaat Sinode, wens ons die nuwe Moderatuur geluk met hul verkiesing – mag julle tydens jul termyn, elke dag God se rykste seën beleef (dankie ook aan Marieta Visagie van Sinode Nuus vir hierdie inligting).

IS DIE KERK BY 'N KRUISPAD?: Waarheen nou met die Kerk? Drie kerkleiers het dié vraag by die sinode van die NG Kerk in die Wes- en Suid-Kaap probeer beantwoord. Anika Marais van ***Netwerk 24*** was daar – klik **hier** vir die volledige berig.

8. MISSIE JAPAN NUUSFLITS:

In hierdie nuusflits kan jy meer lees oor die groep van die *Reformed Church in Japan (RCJ)* wat Suid-Afrika en ook die Vrystaat, binnekort gaan besoek, verskeie gebedsversoeke,ensovoorts - klik **hier** om te lees.

9. BOEKBEKENDSTELLINGS:

OP 11 MEI 2015 BY UNISA OOR DR BEYERS NAUDÉ: Hierdie berig is veral gerig op die vier Noordelike Sinodes, maar indien daar op daardie dag Vrystaters in die omgewing is, is julle welkom om dit te gaan bywoon. Hierdie geleentheid is ter herdenking van die 100ste geboortedag van dr Beyers Naudé en word die boek getiteld, *Cultivating seeds of hope: Conversations on Beyers Naudé*, uitgegee. Dit bestaan uit onderhoude met verskeie mense wat saam met dr Beyers Naudé gewerk het. Klik **hier** vir die program.

CARL OTTO HAGER – *ARGITEK TOT EER VAN GOD* – DEUR ODE KRIGE: Miskien is daar lidmate wat belangstel in die verhaal van hierdie Dresdense argitek. Hy het bekendheid verwerf as vader van die Neo-gotiese boustyl van ons vroeë NG kerke. Ná 'n sukkelbestaan begin hy op 50-jarige ouderdom sy eintlike beroep beoefen nadat hy die Moederkerk op Stellenbosch in 1863 vergroot het. Dit is die verhaal van 'n gelowige pionier aan die suidpunt van Afrika en is sy eie "Lewensherinneringe" in Afrikaans vertaal – **sien pamflet op volgende bladsy:**



10. BEROEPENUUS:

Ds Wikus Venter van die NG Gemeente Kroonstad-Oos het 'n beroep na die **NG Gemeente Dias in Port Alfred** (Sinode Oos-Kaap) **aangeneem** – sy afskeid en bevestiging by die onderskeie gemeentes sal binnekort bekend wees. *(Hiermee wil ons vir ds Wikus en sy gesin die allerbeste toewens in hulle nuwe omgewing – mag julle bediening in daardie mooi omgewing, uiters geseënd wees. Sterkte met die groot trek...!*

Ds FC (Tiaan) Victor van die NG Gemeente Bronkhorstspruit (Oostelike Sinode) wat die **beroep na NG Gemeente Heilbron-Suid**, **aangeneem** het, word DV op **Sondag 21 Junie 2015 bevestig**. *(Byvoorbaat baie welkom aan ds Victor!)*

11. VAKATURES:

Vir die amptelike bekendmaking van **vakatures vir predikante** deur *Kerkbode*, gaan na **www.kerkbode.co.za** – **klik** dan op ***Meer - Vakatures.***

- **MAATSKAPLIKE WERKER (VOLDAG) - ENGO GESINSORG BFN:** Vir meer besonderhede oor hierdie vakante pos, klik **hier** – **sluitingsdatum is Maandag 25 Mei 2015**.

12. NB! HERHALINGS VAN BERIGTE:

Kennisgewings en inligting wat in 'n vorige uitgawe van *Vrypos* verskyn het, word **hier** vir jou gerief herhaal.

13. VERJAARSDAE:

Baie geluk aan die leraars en personeellid wat gedurende die komende week, hul verjaarsdae vier – mag die nuwe lewensjaar vol vreugde, genade en liefde wees:

8 Mei:
Ds Christo Spies - BLOEMFONTEIN-WES - 084 601 5705, **chris@stms.co.za**
Ds Koos Möller - ROUXVILLE - 051 663 0016, 082 807 1045, **koosmoller@gmail.com**

9 Mei:
Mev Joanie Theron - SINODALE KANTOOR (EBB) - 051 406 6732 (k), **gemeentes@ngkvs.co.za**

11 Mei:
Ds Zachie le Roux - NOORDHOEK - 051 433 1882 (k), 083 799 5911, **zachie.leroux@gmail.com**

14. GELUKKIGE MOEDERSDAG: *Spesiaal aan al die mammas en oumas... 'n ruiker blomme net vir julle...*

... want

Groetnis, tot volgende keer…

THEA BOSMAN
Samesteller/Redaksioneel: kerkinfo@ngkvs.co.za
Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719
Faks: 086 502 0821

INDIEN U OP *VRYPOS* WIL INTEKEN, KLIK hier **(meld asseblief ook u gemeente/dorp)**

AS U *VRYPOS* WIL KANSELLEER, KLIK hier **(dit sal 'n fout wees!)**

Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by **kerkinfo@ngkvs.co.za** – stuur ook enige nuusgebeure, ensovoorts na hierdie adres.

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik **hier**

SINODALE JUBELFEES VAN DIE VROUELIDMATE – NG KERK VRYSTAAT:

PROGRAM

08:30 - 09:00	Aankoms by NG Gemeente Pellissier, Bloemfontein - tee en koffie
09:00 - 09:20	Opening, verwelkoming en konstituering - Anso Steyn
09:20 - 09:30	*Jubelsang* - Ella Kotze, Deon & Alex
09:30 - 10:45	*Stop Humantrafficking* - Elanie Kruger en Hykie Berg
10:45 - 11:00	*Jubelsang* **Kollekte**
11:00 - 11:30	Tee en koffie
11:30 - 13:00	*My Manifesto vir die res van 2015* - Prof Stephan Joubert
13:00 - 13:10	*Jubelsang*
13:10 - klaar	**Vrouesake:** 1. Voorsittersverslag 2. Mev Rene Lombaard (Voorsitter 1971-1979 en 1982-1983) 3. Sinodale Kommissie vir die termyn 2015 – 2019

Hierna word die byeenkoms met die Oorwinningslied afgesluit. Kospakkies sal by die deure beskikbaar wees - 'n veilige terugreis word vir almal toegewens!
Vir navrae, kontak vir Joanie Theron by 051 406 6732 (k) of by gemeentes@ngkvs.co.za, of vir Anso Steyn by 082 773 2612 of by anssteyn@mweb.co.za

TERUG NA INHOUD

BRUGBEDIENINGSKURSUS:

Wanneer 'n voltydse predikant of pastor weggaan, gaan gemeentes deur ervarings van verlies of verligting. Enigeen van hierdie emosies (of beide) vra vir begeleiding. As individue dit nodig het, die liggaam nog meer en die pennie het mos darem nou goed geval: gemeentes is belangrik! Geen wonder nie dat so baie kerke rondom die wêreld voorsiening maak vir spesifiek opgeleide predikante wat hierdie proses kan begelei. Hierdie interim of brugpredikante is nie pastorale hulpe nie; ook nie maar net charismatiese predikers; ook nie maar net kundige bestuurskonsultante nie. Hulle is meer: minstens begeleiers van korporatiewe trauma tydens verandering; minstens pastors wat die binnewerk van gesonde gemeentes verstaan; minstens begeleiers na openheid vir 'n nuwe bediening waar daar voortgegaan word om die bediening aan die gemeente terug te gee en saam met die gemeente die wil van die Here te soek.

Kerke binne ons land vereis formele opleiding vir hierdie brugpredikante. Gemeentes is net eenvoudig belangrik genoeg om in 'n tyd van vakatures deur spesifiek opgeleide persone begelei te word. Sommige kerke bestuur dit reeds met 'n goed saamgestelde reglement. As geloofsgemeenskappe is ons dit aan mekaar verskuldig. Binne die reformatoriese tradisie was ons nog nooit skaam om te erken dat ons nie maar alles kan doen nie: ons lei begaafde mense op om dit waartoe hulle geroep is, selfs beter te doen.

Kursus-koördineerders: Malan Nel, Howard du Toit, ander dosente: Errol Dengler, Hannes van Rensburg, Collin Goeiman, Christo van der Merwe, Willem Boshoff, Johan van Loggerenberg

TERUG NA INHOUD

VAKATURE – MAATSKAPLIKE WERKER:

Posvereistes:
1. Geregistreer by SA Raad van Maatskaplike diens professie (SACSSP)
2. Geldige rybewys
3. Afrikaans & Engels magtig

Voordele:
1. Salaris onderhandelbaar
2. Diensbonus
3. Pensioenfonds
4. Verlof

Sluitingsdatum: Maandag 25 Mei 2015
Faks CV's aan: 051 522 2508
E-pos: amanda@engo.co.za
Navrae: Amanda @ 051 522 6914 (k)
Adres: Van Heerdenweg 26
Wilgehof
Bloemfontein 9301

Die werkgewer behou die reg om nie die vakature te vul nie. Suksesvolle kandidate sal binne vier weke in kennis gestel word of die aansoek suksesvol was al dan nie. Indien geen terugvoer ontvang is in die vier weke tydperk nie, moet aanvaar word dat die aansoek onsuksesvol was.

TERUG NA INHOUD

HERHALINGS:

INHOUD:

1. ALGEMEEN:

- **PINKSTERREEKS 2015 - *DIE AARDE BEHOORT AAN DIE HERE*:** Die Pinksterreeks vir 2015 is beskikbaar – dit word deur die NG Kerkfamilie se Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis aan die breë kerk voorsien. Die fokus is op ekologie en daar word vertrou dat dit wyd en vrugbaar deur Bedienaars van die Woord gebruik sal word. Klik hier vir die volledige reeks.

2. GEMEENTES BIED AAN:

- **2DE HANDSE BOEKVERKOPING:** Die **NG Gemeente Uitsig in Bloemfontein** (Werdasingel, Uitsig), hou hierdie verkoping **vanaf 21 April tot 18 Mei 2015** (Ma, Di, Do en Vry vanaf 09:00 – 13:00). Daar gaan talle ensiklopidieë, geestelike boeke, storieboeke, boeke oor stokperdjies, ensovoorts te koop aangebied word, pryse wissel vanaf R1 – R10. Vir enige navrae, kontak asseblief die kerkkantoor op 051 522 2780 (k/u).

- **PINKSTER BY RIEBEECKSTAD-ERFDEEL:** Hierdie gemeente se Pinksterreeks met dr Johan Beukes, vind vanaf **10 tot 12 Mei 2015** plaas met die tema, ***Dans van die Lewe!*** Kontak vir Rina Roets by 057 388 3186.

- **UITREIK VAN HOOP DAMESTEE:** Kaartjies is te koop by Kirna Hellmuth, kirna@towersofhope.org / 079 885 3205, teen R120pp, of betaal direk in ***Uitreik van Hoop*** se rekening:

  Bank: ABSA
  Takkode: 632005
  Rekeningnaam: NG Kerk OVS
  Rekening nr.: 470 000 406
  NB! VERWYSING: UVH (en u naam) & faks asseblief bewys van betaling na 086 549 6214

3. KURSUSSE / OPLEIDING:

- **AURORA SENTRUM - OPLEIDING VIR MAATSKAPLIKE WERKERS:** Gedurende **Mei en Junie 2015**, bied die Aurora Sentrum in Bloemfontein, opleidingsgeleenthede aan vir maatskaplike werkers vir CPD-punte, maar enige iemand is welkom om dit by te woon. Die datums met onderskeie temas is soos volg:

  1. **13 – 15 Mei 2015:** *The identification and management of substance abuse* – 13 CPD-punte
  2. **29 Mei 2015:** *The special needs of women and youths with dependency and approaches that are effective in helping them find long term recovery* – 4 CPD-punte
  3. **12 Junie 2015:** *Co-dependency, what is the truth about this condition and how to help co-dependents to take control* – 4 CPD-punte
     Vir enige navrae, kontak vir Santie of Jeanette by 051 447 4111/447 4225, of stuur 'n e-pos aan info@auroracentre.co.za

- **OPLEIDING IN KINDERBEDIENING** word op **Saterdag 9 Mei 2015** deur Kobus en Cora Viljoen van CEF (*Child Evangelism Fellowship*) gelei. Dit sal by die NG Gemeente Hugenoot in Bayswater plaasvind. Koste - slegs 'n donasie. Klik **hier** vir meer besonderhede – vir besprekings, stuur 'n e-pos aan ackinders@gmail.com

- **PASTORALE BERADINGSKURSUS - ABORSIE, MISKRAAM EN STILGEBOORTE:** In hierdie kursus wat deur prof Wentzel Coetzer op **Saterdag 23 Mei 2015 in Potchefstroom** aangebied word, word gefokus op die pastorale begeleiding van persone wat geraak is deur aborsie, miskraam of stilgeboorte. Klik **hier** vir meer besonderhede.

TERUG NA INHOUD

PASTORALE BERADINGSKURSUS - ABORSIE, MISKRAAM EN STILGEBOORTE:

Aspekte waaraan aandag gegee sal word, sluit die volgende in:

- **Die fase tussen konsepsie en geboorte** - die invloed van skok en trauma tydens die voorgeboortelike fase.
- **Die invloed op die res van die gesin** - belangrike navorsing deur Christen psigiaters word hier aan die orde gestel.
- **Die invloed van aborsie op mans** - verlore vaderskap, asook wyses waarop 'n man skuldgevoelens en hartseer kan hanteer.

- **Die emosionele effek van aborsie** - vyf tipiese kenmerke van post-aborsiesindroom.
- **Die belangrikheid van self-vergifnis** - agt fases van verwerking van aborsie en nege riglyne vir persoonlike groei na aborsie.

PLEK: Studente Hervormde Kerk – Silwerstraat 19 (net langs klein kragstasie)
DATUM: Saterdag 23 Mei 2015
TYD: 08:00 – 13:00 (5x VBO punte vir leraars)
GPS KOÖRDINATE: Suid: 26.41.590 - Oos: 27.5.079
KOSTE: R250pp (egpare R350)
HANDLEIDING TE KOOP (opsioneel): R160 (posgeld R25 ekstra)
NAVRAE EN BESPREKING: 083 660 0409 / 082 577 8810 / 018 294 7457 / e-pos: **wentzel7@mweb.co.za**
FOOIE KAN INBETAAL WORD BY: ABSA spaarrek: 9061802135 – takkode 335138 - Reknaam: SE Coetzer

TERUG NA INHOUD